



Bind vriende saam rondom 'n oop Bybel

Uitgawe # 10

“Reset” (Herstel)

Verwelkoming
en Gebed

Here God, dankie vir nog 'n dag waarin ons meer kan leer van U, en van wie ons in U is. Gee ons die moed om U meer getrou na te volg. Seën ons met die verlange om nader aan U te groei. En mag ons by mekaar ook leer. U is waardig om aanbid te word. Amen.

Kyk terug...

Wat het ons verlede week geleer? (Opsomming)
Hoe het verlede week se boodskap deel geword van JOU lewe?
Wat en hoe het dit gebeur?



<https://headguruteacher.files.wordpress.com/2015/01/reset.png>

Alle elektroniese toestelle het deesdae 'n RESET-knoppie.. Die ontwerp van 'n RESET-funksie is genoodsaak omdat ons weet dat iets fout sal kan gaan met ons toestelle, of dat die dit sal vries, of dat dit moet opdateer.

Wanneer ons die reset/herstel-funksie gebruik, dan word die hele sisteem teruggeplaas na hoe dit oorspronklik gewerk het. Alles wat die toestel se gladde werksvermoë gekompliseer het, word nou gestop. Die toestel begin oor en alle komplikasies is uit die weg geruim.

Nodeloos om te sê dat die gebruiker van die toestel nou baie gelukkig is dat dit weer doen wat dit veronderstel is om te doen.

Gesprekspunt #1

- **Het enige van die elektroniese toestelle waarmee jy werk al ooit net ophou werk of gevries terwyl jy met iets baie belangrik besig was?**
- **Watter emosies het op daardie stadium binne jou gewoel?**
- **Hoeveel anders sou die wêreld gewees het sonder die RESET-funksie? Hoekom?**
- **Hoekom is die wêreld 'n beter plek na die ontwerp van die RESET-funksie?**

LEES

2 Samuel 11 & 12

Wat begin het as 'n loerbroer-versoeking, het ontaard in 'n moord en toesmeerdery.

Hoeveel keer het ons nie al onself, soos Dawid, in 'n situasie bevind omdat ons toegegee het aan die versoeking nie? Ons bevind onself op 'n roete wat ons nooit gedink ons op sou wees nie. Hoeveel keer het ons foute /sondes handuit geruk en ontaard in iets groters? Hoeveel keer het ons nie al in die geheim probeer om dit toe te smeer en nie verantwoordelikheid daarvoor te neem nie?

Gesprekspunt #2

- **Wat leer ons oor God in hierdie verhaal/storie?**
- **Hoekom het God vir Natan na Dawid gestuur, en hom nie net gelos met sy sonde?**
- **Hoe belangrik was Natan se rol in die storie? Hoekom?**

Nadat Dawid verantwoordelik gehou is vir sy sonde, skryf hy Psalm 51 uit nederigheid. Die gebed wat Koning Dawid gebid het nadat hy teen God gesondig het en gesmeek het om vergifnis. Dit was nodig dat sy sondige lewe reset/herstel word, sodat hy weer by God se wil, kan inval. Dis die gebed van 'n man wat uit desperaatheid nog 'n kans wil hê. God moet sy hart RESET / herstel.

LEES

Psalm 51

Gesprekspunt #3

- **Watter vers het vir jou uitgestaan? Hoekom?**

Ons lewens is baie gekompliseerd. Daar is soveel dinge wat ons goeie oordeelsvermoë beïnvloed en dit plaas 'n las op ons harte en gedagtes. Alles voel soms net te swaar – as ons maar net 'n reset-funksie gehad het, sodat ons kon oorbegyn!

Die Goeie Nuus is dat ons 'n reset-funksie het wat ingebou is in ons verhouding met Jesus. Ons noem dit vergifnis. Wanneer ons onself, soos Dawid, voor God verootmoedig, en om vergifnis vra, dan druk God die RESET-knoppie sodat ons weer skoon voor Hom kan wees. Ons verhouding met Hom is herstel. Ongelukkig beteken dit nie dat die gevolge van ons sonde ewe skielik verdwyn het nie. God se vergifnis beteken dat ons nou aan dieselfde kan staan en Hy sal ons help om die gevolge van die sonde te hanteer.

Verlossing in Christus Jesus is die *ultimate* reset-funksie – Joh 3:16-17

Gesprekspunt #4

- 1) Wat tref jou in die enige van die gedeeltes wat ons gelees het?
- 2) Wat dink jy is die hoofgedagte?
- 3) Hoe sal dit lyk as Christene hierdie les/boodskap in hulle lewens begin toepas?
- 4) Wat sê Jesus vir JOU, terwyl jy oor hierdie gedeelte nadink?
- 5) Hoe kan jy hierdie les/boodskap deel maak van jou lewe?

Kyk in die spieël

Reflekteer by die huis

Bid Psalm 51 vir jouself gedurende jou persoonlike stiltetyd. Laat God toe om jou hart te herstel / reset. Lees ook Johannes 3:16-17 en dink na oor die offer wat God gegee het om verwoestingspad van die sonde te herstel/reset, sodat ons op die pad van die ewige lewe kan loop. Verlossing in Jesus Christus is die ultimate reset-funksie.

Gebedsversoeke

| |
|--|
| |
|--|

Uitsending

Skep in ons 'n rein hart, o God, maak ons gees weer nuut sodat ons stewig staan. Moet ons tog nie van U af wegdryf of u Heilige Gees van ons weerhou nie. Laat ons weer die vreugde van u verlossing ervaar en skenk ons u Gees. Amen.

Wie gaan die volgende #CCC fasiliteer?

Plek:
Datum:
Tyd: